

Koejawel Nuus

Guava News



INHOUDSOPGAWE / CONTENT

BLADSY/PAGE



UIT DIE VOORSITTER SE PEN

2



**VARSMARK MOONTLIKHEDE VIR
KOEJAWELS IN SUID-AFRIKA**

4



**TERUGVOERING: BELOWENDE
KOEJAWELSELEKSIES OP BIEN
DONNÉ PROEFPLAAS**

6



KERSFEES SEËNINGE

8

NUUSBRIEF uitgegee deur die
KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Hoofstraat 258

Posbus 414, PAARL 7620

TELEFOON: 021-8721401

FAKSIMILEE: 021-8722675

E-pos: victor@guavas.co.za

REDAKTEUR / EDITOR: WIEHAHN VICTOR

NEWSLETTER issued by the
GUAVA PRODUCERS' ASSOCIATION

258 Main Street

P O Box 414, PAARL 7620

TELEPHONE: 021-8721401

FAX: 021-8722675

Web page: www.guavaproducers.co.za

Reproduction of articles from this Newsletter to acknowledge KOEJAWEL NUUS and author.
Herdruk van artikels in hierdie Nuusbrief moet KOEJAWEL NUUS en die skrywer erken.

UIT DIE VOORSITTER SE PEN

En so sak die son oor nog 'n jaar...wat gekenmerk is deur vele drama nie net in die land maar ook in Koejawelbedryf. Eers die droogte wat die ergste was in baie jare en toe kom die lae Sap pryse wat ons tref. Intussen het Zuma se optrede ernstige nagevolge vir die land en ons betaal deur ons ore vir diesel en ander insetkoste wat net styg agv omstandighede buite ons beheer, maar so tipies van ons Boere is daar altyd die hoop vir volgende jaar vir beter reënval, beter oeste en beter pryse en dat 2018 net verbykom.

Die 2018 oes se tonne was dan ook minder met produsente wat met die droogte te min water in die somer gehad het en swakker gedoen het en ander weer meer as normaal ge-oes het, maar koejawels was oor die algemeen klein. Ons kan dit toeskryf aan bome wat minder gespeen het en die gesukkel later om genoeg water bymekaar te maak om oes groot te kry tot winterreëns begin.

Sap was weereens ons grootste gedeelte van die oes en pryse het gehalfeer. Later so swak dat dit skaars ons oeskoste kon dek. Van die Produsente se kwotas was dan ook vroeg vol en moes 'n gedeelte op die grond laat val. Daar word verskeie redes deur Verwerkers gegee oor die laer pryse.

Swak aanvraag na vrugtepulp wêreldwyd, die rand wat te sterk was aan die begin van seisoen toe kontrakte vasgemaak is en Brasilië wat toe inkom onder ons. Binnelands is die koopkrag swak as gevolg van swak ekonomie en voorraad wat ontstaan van vorige jaar en ook ingevoerde pulp wat hier beland het. Ons hoop 'n swakker Rand help weer volgende jaar.



Die Inmaak koejawels raak al minder en dit bekommer ons ook, want pryse het daar ook geval oor redes wat ons nie kan verstaan. Die fabriek wat in Ashton gaan sluit plaas groter druk op Inmaakbedryf. Daar sal hard gewerk moet word om nog produkte te maak uit verwerkte koejawels en nuwe kultivars sal help om op langtermyn volhoubaar te kan boer met die vrug.

Die varsmark het sy gedeelte gevat en daar is steeds 'n groot vraag vir verpakte produk van gehalte, maar ons sal 'n kopskyf moet maak na hoe ons dit hanteer. Jy sal baie sagter moet werk met koejawels wat jy verpak soos met uitvoerperskes en pruime, om gehalte te behou tot op winkelrak. Te veel verbruikers het nog die persepsie dat koejawels 'n minderwaardige produk is en nie hou vermoë het nie.

Daar moet ook gekyk word om snoeipraktyke aan te pas as jy beter koejawels vir die varsmark wil lewer. Mnr Chris Smit (konsultant) het jare se ondervinding met steenvrugte en help ons om snoei by koejawels te gebruik vir gehalte (Sien artikel).

Dankie aan my bestuur vir die goeie werk wat julle doen, dit is nie altyd maklik om te oorleef as pryse onder druk is nie. Ook dankie aan verwerkers en mede-boere, ons kyk vorentoe en hoop volgende jaar is 'n beter jaar.

Mag julle almal 'n baie Geseënde Kersfees hê.

POENA MALHERBE
VOORSITTER



VARSMARK MOONTLIKHEDE VIR KOEJAWELS IN SUID-AFRIKA

Die vars bemarking van koejawels is tans nie baie hoog op die agenda van meeste koejawelboere in Suid-Afrika nie. Hierdie punt word gestaaf deur die feit dat daar huidiglik slegs n t meer as 20% van die totale koejawel produksie aan die varsmark gelewer word, terwyl die res aan prosessering gaan. Met die toenemende risikos van beperkte innames vir prosessering, pryse wat onder druk is, en die sluiting van een verwerkingsfabriek, moes die rooiligte reeds vir ons produsente die afgelope seisoen aangegaan het.

Ek verstout my om te s  dat om in die toekoms met koejawels ekonomies te kan oorleef, sal alternatiewe afsetpunte vir koejawels oorweeg, of bestaandes selfs verder uitgebrei moet word – soos byvoorbeeld die vars bemarking van kwaliteit vrugte. Ons moet die manier van hoe ons oor koejawels dink verander, ons moet soos die verbruikers van vars koejawels begin dink en die voorsiening daarvolgens aanpas.

Huidiglik is daar ‘n toenemende behoefte by Supermarkte om kwaliteit koejawels met verlengde raklewe aan hul kli nte te kan voorsien, maar wat ook aan die nodige gesondheids standarde voldoen – soos wat reeds die geval in oorsese lande is. Die huidige persepsie dat koejawels ‘n baie kort raklewe het, asook die formaat waarin dit tans aan die verbruiker aangebied word, gaan ‘n baie groot rol speel in die sukses om die vars bemarking van koejawels tot die volgende vlak te neem.

Informele waarnemings wat vanjaar gedoen is, het gewys dat indien koejawels op die regte fisiologiese stadium geoes word en so gou moontlik daarna in verkoeling geplaas word, dit ‘n langer raklewe het as wat die persepsie van die algemene verbruiker is.



Figuur 1 – Drie weke na oes.

Bo-en-behalwe die regte rypheidstadium en verkoeling, gaan pakhuis en boord hantering, asook higiëne van kardinale belang wees om hierdie mis persepsie van kort raklewe uit die weg te ruim.

Verder wil ek aanbeveel dat die Wes-Kaapse Koejawel Produsente Vereniging (KPV) so gou moontlik met van die groter supermark groepe in gesprek tree om dít wat op plaasvlak moet gebeur, ook in lyn te probeer trek met wat hul behoeftes en vereistes in die handel is.

Gedurende 2017 is daar vier-en-dertig nuut geteelde koejawel seleksies, wat hoofsaaklik vir die varsmark ontwikkel is, op die Bien Donné Proefplaas aangeplant. Die eerste vrugte sal hopelik hierdie komende seisoen beskikbaar wees om aan ons huidige en toekomstige produsente te kan wys. 'n Alternatiewe oplei- en snoeistelsel word ook op hierdie seleksies toegepas om hul reaksie daarop en die kwaliteit van die vrugte te evalueer. Uit waarnemings die afgelope seisoen gedoen, blyk dit ook dat meganiese beskadiging, sowel óp die boom as tydens die oes proses, 'n bydraende faktor in die oorsaak van swak houvermoë by koejawels kan wees.



Fig 2:Voorgestelde opleimetode.

Alhoewel alternatiewe oplei- en snoeimethodes al voorheen ondersoek is, word hierdie praktyke nog nie in die Wes-Kaap kommersieël toegepas nie. Die hoofdoel is om vrugte op korter en stewiger dra-eenhede te dra om sodoende meganiese beskadiging op die boom tot die minimum te beperk. Verder hou dit ook tuinboukundige voordele vir die boom en vrugte in, sowel as die werkers tydens die oesproses.

Hierdie stelsel is nie onbekend in die kern- en steenvrugte bedrywe nie en word baie suksesvol toegepas om skoon en gesonde vrugte van hoë gehalte te lewer wat pryse positief kan beïnvloed.

‘n Formele proef om die raklewe van koejawels te verleng is ook die afgelope seisoen deur die KPV goedgekeur en is deur Provar uitgevoer. EMAP (Equilibrium Modified Atmosphere Packaging) verpakkings materiaal van MAPFLEX in Kaapstad, wat algemeen in die vrugte en groente bedrywe aangewend word, is vir hierdie doel gebruik. Geen vorige soortgelyke navorsing is al in Suid-Afrika op koejawels gedoen nie en daarom kan hierdie stukkie navorsing dus as baanbrekers werk vir die KPV beskou word. Alhoewel daar geen vorige basislyn inligting bekend was ten tyde van opstel van die proef nie, is daar tog handige inligting vir verdere navorsing daaruit verkry wat in verdere navorsing om die raklewe van koejawels te verleng, handig te pas sal kom.

Chris Smith – Sel: 083 631 2306
Epos: chris2smith@telkomsa.net



TERUGVOERING: BELOWENDE **KOEJAWELSELEKSIES OP BIEN DONNÉ** **PROEFPLAAS**

S. Willemse, C.F. Human & A.D. Sippel

Die koejawelseleksies op Bien Donn e proefplaas is in Februarie 2017 gevestig en groei uitstekend ten spyte van verskeie negatiewe faktore wat die afgelope jaar opgeduik het. Vier en dertig seleksies en twee kommersi le kultivars, ‘Fan Retief’ en ‘TS-G2’, is in ‘n gerandomiseerde proefontwerp geplant en behoort die volgende seisoen in drag te wees. Die boompies het al die eerste jaar na plant geblom maar die blomme is verwyder om die bome ‘n kans te gee om vegetatief te groei. Aangesien die koejawelbedryf in Suid-Afrika hoofsaaklik op twee kommersi le kultivars naamlik, ‘Fan Retief’ en ‘TS-G2’, gebasseer is, is dit uiters noodsaaklik om nuwe kultivars met verbeterde gehalte asook weerstand

teen peste en siektes te vind. Koejawelverwelksiekte in die noorde is nog steeds 'n kopseer en die koejawelbedryf in hierdie area is besig om drasties te verklein. Daar word nog steeds gepoog om 'n tolerante/weerstandbiedende kultivar te kry want indien verwelksiekte na die Wes-Kaap ook versprei, kan die hele koejawelbedryf uitgewis word. Proewe wat gedoen is het getoon dat 'n weerstandbiedende onderstam ook nie die antwoord vir die probleem gaan wees nie, aangesien die swam deur die entlas beweeg en die bostam vernietig.

Ten spyte van verskeie probleme naamlik die droogte waaronder die Wes-Kaap gebukkend gegaan het, pompe op die proefplaas wat nie in 'n werkende toestand was nie asook waterbeperkings wat opgehef is, is al hierdie probleme oorkom deur die Wes-Kaapse Koejawel Vereniging se ondersteuning om hierdie proef 'n sukses te maak. Poena Malherbe het water verskaf in die droogtetye en die pompe is herstel deur Pieter Quixley (Plaasbestuurder – Bien Donn ). 'n "Probe" wat deur DFM Technologies geborg is (Fig. 2a & b), is by die proefblok ge nstalleer om deurentyd die vogstatus van die bome te monitor en te bepaal wanneer dit uiters noodsaaklik is vir die bome om besproei te word. Wanneer die lesing in die rooi sone is moet die bome dadelik besproei word, terwyl die blou sone wys dat die bome genoegsame water gekry het.



Fig. 2a & b Pieter Quixley (Plaasbestuurder – Bien Donn ) by DFM Technologies bord en "probe" wat ge nstalleer is om die vogstatus te monitor. Fig. 2c Wys die goeie groei.

Rakende toekomstige navorsing is die plan om die bome op te lei, om te kyk wat die opbrengspotensiaal van die bome is, in 'n kleiner area en die effek van die opleistelsel op koejawelbome, aangesien dit nog nooit voorheen ondersoek is nie.

Salomie@arc.agric.za
013-753 7000/084 561 0201



KERSFEES SEËNINGE



Mag Sy geboorte vir jou Nuwe Hoop gee
vir die komende Jaar!

Vrede & Vreugde vir jou en jou hartsmense.

KPV Bestuur